

Dinsdag 18 September

Skrifgedeelte: Rigters 11:28-40

Fokusgedeelte: Rigters 11:30-31

Is jou lewe op God gerig of op iets anders?

Die normale refrein in Rigters is dat die betrokke rigter met God se seën die vyand verslaan en dat daar dan vrede is vir 'n tydperk.

Dis wat hier ook gebeur. Die Heilige Gees kom oor Jefta en hy trek uit teen die Ammo-niete en verslaan hulle oortuigend. Maar die gewone refrein ontbreek: daar staan nie dat daar vrede is nie. Trouens, die hele paragraaf word oorheers deur die gelofte en die gevolge daarvan.

Dit was nie ongewoon van God se kinders om 'n gelofte teenoor Hom te maak nie. Wat ongewoon is, is dat Jefta hier 'n menslike offer aan die Here belowe (die een wat uit die deure van sy huis hom tegemoet kom – vers 31). Hoekom doen hy dit as daar duidelik staan dat God so iets haat (Deut. 12:31)? Dit dui daarop dat Jefta benewens sy geloof in God hom laat meesleur het deur die heidense kultuur van sy tyd. Afgode se guns kon ge-wen word deur menslike offers. Jefta het gedink dat hy hierdeur ook by God iets kon verdien.

By die Here werk dit nie so nie. Die offer wat Hy vra, is dat jy sy Koningskap in al die dele van jou lewe moet erken. Nie as voorwaarde vir sy guns nie, maar in dankbare reaksie op sy genade in Christus (vgl. Rom. 12:2).

Vra jouself in hoe 'n mate beheer kultuur jón siening van Wie en hoe God is?
Sing: Psalm 141-2:2 / Psalm 141-1:3

Ds. GC (Awie) Verhoef (Wierdapark)